**27 SEPTEMBER SKRIFGEDEELTE: LUKAS 6:12-16**

**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 6:12**

## ‘n Naggebed eenkant in die berg

‘n Hele nag in gebed met God. Laat dit jou nie ook onseker voel nie ? Onseker, omdat ons dit nie ken nie. Ons lewe is so vol ander dinge en gejaagd en die tyd vir gebed is so min. Hoe wonderlik moes dit nie gewees het nie – Jesus in biddende gemeenskap met sy Vader; ‘n naggebed eenkant in die berg. Jy wil dalk vra: Hoekom moes Jesus dan bid ? Hy is tog die Seun van God. Ons lees meermale dat Jesus tot sy Vader gebid het (Mk 6:46; Joh 17). Hoekom moes Jesus geëet het ? Hy is tog die Seun van God. Jesus is God en mens en hier word Hy in sy menslike gestalte geopenbaar wat biddend na die leiding van sy Vader vra. Hy het die belangrike taak om sy 12 dissipels te kies wat ook as apostels die grondleggers van sy kerk hier op aarde sou wees. Daarom bid Hy en ons mag dit aflei dat Hy vir wysheid vra om reg te kan kies. Die stilte van die berg is soos Hy sy dissipels geleer het: “.. as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid …” (Mt 6:6). Gebed vra afsondering en stilte sodat jy sonder onderbreking met al jou aandag kan bid. Die dissipels wat Jesus gekies het se name word genoem – gewone mense; mense sonder die verdienste van geleerdheid, rykdom of mag wat moes leer om uit die genade van God te leef.

*Sing: Psalm 142:1 (1936)* *Dr Kobus van der Walt (Bloemfontein-Suid)*